**Outeur:** Gerhardus Pool
**Titel:** *Die Herero-opstand 1904–1907*
**Uitgewer:** Protea Boekhuis, Pretoria, 2016.
Tweede uitgawe, eerste druk
**Bladsye:** 360pp
**ISBN:** 978-1-4853-0594-1

Hierdie magisterstudie deur Gerhardus (of Gerrit) Pool is die eerste keer in 1979 deur HAUM gepubliseer. Dat dit ŉ werk van hoogstaande gehalte was, word bevestig deur die feit dat dit daarna verskeie kere herdruk is en nou deur Protea Boekhuis heruitgegee word. Dit het die toets van die tyd deurstaan en geld steeds as die beste weergawe van die stryd van die Hererovolk teen die Duitse koloniale bewind in die destydse Suidwes-Afrika, nou Namibië. Daar het destyds ook ŉ Duitse en Engelse weergawe verskyn. Dat daar nou weer ŉ behoefte aan ŉ Afrikaanse uitgawe ontstaan het, verkondig die welkome boodskap dat goeie geskiedskrywing in Afrikaans ŉ goeie rakleeftyd kan hê en dit behoort as aanmoediging te dien vir Afrikaanse historici om dié leserspubliek se historiese bewussyn te bly voed.

By die herset van die teks het ŉ klompie foute ingesluip. Origens het die skrywer ŉ addisionele Voorwoord by hierdie uitgawe gevoeg, waarin hy ŉ effens wyer perspektief vir die leser oopmaak as in die eerste uitgawe.

Daar is by die destydse verskyning van die boek reeds op die verdienstelike aspekte van die studie gewys: Dit was ŉ oorspronklike bydrae, getrou aan die eise van deeglike bronnebenutting en sober stelwyse. Veral belangrik was die uiteensetting van die oorsake van die Opstand – dinge soos ontnugtering by die Herero oor grondverliese weens skuld en Duitse inmenging met die opvolgingsvraagstuk – en die gedetailleerde beskrywing van die verloop van die stryd. In die besonderhede word die tipiese karakter van ŉ botsing tussen die inheemse bevolking en die koloniserende moondheid weerspieël. Dit bied ŉ ryke aarde vir vergelyking met soortgelyke gebeure in ander dele van die koloniale ryke van Europese magte.

Vroeëre resensente het ook enkele leemtes uitgewys, waaronder ŉ behoefte aan groter duidelikheid oor die opstandsleier Samuel Maharero se karakter en beweegredes, asook te min aandag aan die gevolge van die oorlog. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die aard van ŉ magisterstudie bepaalde beperkings meebring. Op die tydstip toe hierdie studie gedoen is, was wetenskaplike werke oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika (nou Namibië) nog ŉ betreklik skaars artikel en die navorser het min goeie studies tot sy/haar beskikking gehad om ŉ breër agtergrond en verwysingsraamwerk te voorsien.

Pool was nie hiervan onbewus nie. Hy het daarna met nog twee uitstekende geskiedeniswerke voortgegaan, naamlik *Pionierspoorweë in Duits-Suidwes-Afrika 1897–1915*, as doktorale proefskrif en gepubliseer in 1982, en *Samuel Maharero*, in 1991. Veral in laasgenoemde werk het hy die vroeëre leemtes in ŉ groot mate aangevul en sy werk oor die Herero-opstand behoort vandag in samehang daarmee gelees te word. Hy maak self daarvan melding dat die feit dat hy op ŉ later stadium toegang tot die private dokumente van generaal Lothar von Trotha, die uiteindelike bevelvoerder van die Duitse magte tydens die Herero-opstand, gekry het, ŉ belangrike aanvulling tot sy kennis en insigte was.

Die Engelse skrywer Thomas Hardy sê by monde van sy karakter die Boosaardige Gees: “War makes rattling good history; but Peace is poor reading”. Pool het op hierdie golf gery


doi.10.17159/2224-7912/2017/v57n2-2a12

met hierdie interessante en verdienstelike studie. Die mate van vrede wat op die Herero- en Nama-opstande in die Duitse kolonie gevolg het, het egter ŉ nuwe fase in die gebied se geskiedenis gevorm en moet as ŉ direkte uitvloeisel van die opstande gesien word. In die ingrypende hervorming van Duitse koloniale beleid en administrasie wat hierna plaasgevind het, is waarskynlik die belangrikste betekenis van die tragiese gebeure, met die geweldige verliese aan lewens en eiendom, geleë.

Die geskiedenis van Namibië roep om meer navorsing. Belangrike werk is reeds deur Britse, Amerikaanse en Duitse akademici gelewer, waaraan erkenning verleen moet word. Gerrit Pool se werk illustreer egter die feit dat ŉ Suider-Afrikaanse perspektief essensieel is om hierdie wêrelddeel se verlede goed te begryp. Dit is jammer dat hy gedurende die afgelope kwarteeu nie verdere bydraes op hierdie terrein gelewer het nie.

**ELP Stals**
Windhoek
E-pos: stals@mtcmobile.com.na


doi.10.17159/2224-7912/2017/v57n2-2a12